Sondag, 16 Augustus 2020
Koninkrykstyd

Waar God teenwoordig is, lei sy Gees ons ook in die waarheid.

"Die Gibeoniete het geantwoord: 'Ons kom uit 'n baie ver land; ons kom op grond van die roem van die Here u God. Ons het van Hom gehoor en van alles wat Hy gedoen het...' ... Die Israeliete het na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie."
(Josua 9:9 en 14)
"Jesus sê toe vir die vrou: 'Glo My, Mevrou,... daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid... God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.'"
(Johannes 4:21-24)

In die vreemdheid van Winter 2020 en – moontlik – by die piek van die Covid 19-storm hier in Bloemfontein en die Vrystaat, sit baie van ons met die vraag: hoe kom ons hierdeur? Hoe hou ons moed? Waar vind ons raad en rigting uit hierdie onsekere tyd vir skole, besighede, families, gemeenskappe en ons land?

Die boeke Josua en Rigters kom uit só 'n tyd van onsekerheid en onstabiliteit, toe die val van Jerusalem in die hande van die Babiloniërs onheilspellend naby was; toe daar ternouernood gevra is oor die pad terug na God (2 Kronieke 34 en 35). En is die verhale van Josua-hulle en die intog in die Beloofde Land opgediep en as geskiedenis neergeskryf, want die vraag was brandend: hoe het dit gebeur dat ons besig is om dié land te verloor? In só 'n donker tyd was die boodskap duidelik: die pad van lig en lewe en seën is slegs te vind waar die Woord(e) van God gehoorsaam word; *"wees sterk en dapper in die uitvoering van die wet van Moses"* (Josua 1:7). Daarby, in die teenwoordigheid van God vind ons wysheid; daar waar die verbondsark van *"die Here van die hele aarde"* voor ons uitgaan en rigtingwys (3:3-4, 11). Met daarby verhale oor Ragab se redding (Josua 2), die inname van Jerigo (Josua 6) en die teëspoed by Ai (Josua 7 en 8) – voorbeelde van hoe God se Woord en teenwoordigheid lewe gee...

Vanoggend, 'n verrassende byvoeging: Josua 9 – die verhaal van die Gibeoniete en hul "slim plan" (9:4) om met 'n "onwaarheid" (9:22) hul oorlewing te verseker. Met die eerste lees lyk dit na 'n verhaal oor God se volk Israel tussen ander volkere in die land Kanaän (9:7), en hoe 'n kompromis eeue se kompleksiteite veroorsaak het (Josua 10, Rigters 18, 2 Sam. 21). Dan sien jy 'n tweede lyn in hierdie verhaal: dat die Naam van God nie ligtelik of uit eie belang gebruik moet word nie, maar heilig is en jou inbind (9:9, 19, 24). En dit bring die dieptepunt van die verhaal: wanneer God sy Gees in jou gee, dan lei dié jou na 'n lewe van waarheid waarin jy Hom gereeld sal opsoek en raadpleeg, na Hom luister en gehoorsaam – só moes dit van die begin af vir Josua wees (Numeri 27:18-21); só vir Koning Salomo later by die einste Gibeon (2 Kronieke 1); só vir 'n vrou uit 'n ander volk eeue later by 'n waterput iets noord van Gibeon, toe 'n Vreemdeling genaamd Jeshua die waarheid met haar deel (Joh. 4:21-24). En só vir ons: in 'n tyd van onsekerheid, raadpleeg God in Gees en waarheid – Hy hoor ons bid...

JL.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Dankie aan Brigitte Botha vir viool- en klavierspel, Magriet Zietsman vir die blomme, en ander helpers vir logistieke en tegniese steun. Die diens is vooraf opgeneem in die kerkgebou en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 23 Augustus	09:30 – ds. Johan Marais
Sondag, 30 Augustus	09:30 – prof. Hermie van Zyl (Bybelsondag)
	18:00 – ds.Jan Lubbe (Taizé)

In Koninkrykstyd vanjaar, dié deel van die kerkjaar ná Pinkster en Drie-Eenheidsondag en waarin ons nadink oor die teenwoordigheid en heerskappy van God in sy Skepping en in ons daaglikse lewens, op berge en in dale, goeie én moeilike tye, lees ons die boeke Josua, Rigters en Rut – drie boeke oor die geskiedenis van Israel tussen Moses en Dawid, tussen die Uittog uit Egipte en die Koninkryk van Israel (± 1400-1100 vC). Ons nooi jou uit om in hierdie tyd van groot ontwrigting en onsekerheid, by Berg-en-Dal se eredienste in te skakel vir ‘n bemoedigende herinnering aan Wie God is en sy Woord vir ons. Ons eredienste word vooraf opgeneem en uitgestuur; daar is ook ‘n klankgreep wat minder data gebruik (sonder beeld) en wat jy by 073 180 3193 kan aanvra. Hieronder volg die liturgie – soek dit vooraf op en volg die diens dan saam.

LITURGIE

Intredelied: “Hoor ons bid, o Heer” (Lied 278)

Aansteek van wydingskers: Naas van Wyk (wat vandag verjaar)

Votum en seëngroet

Loflied: “Sing juigend, sing ‘n nuwe loflied” (Ps. 33:1 en 7)

Skriflesing: Josua 9:3-4, 8-9, 11, 14-15
Johannes 4:19-21 en 23-24

Kinderverhaal

Gebedslied: “O Heer, maak oop my hart se poort” (Lied 257:1, 2 en 3)

Prediking

Moment vir nadenke en gebed: “Sheep may safely graze” (JS Bach)

Gesamentlike gebed: “Here ons God,
U Naam is heilig en vol heerlikheid...
Hoor ons bid, in Christus Naam.”

Slotlied: “Helder skyn u lig vir die nasies” (Lied 488:1, 2 en 3)

Seënbede

Orrelnaspel: “Daar is geen land, so ver of woes geleë” (Daléne Brits)

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan ‘n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur ‘n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van hierdie *Fokus* gegee. Dit gaan vir die instandhouding van ons eredienste en ander werksaamhede, ook noodleniging in hierdie tyd. Ons betaal daaruit ook elke Sondag ‘n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie of projek soos op ons program vir deurkollektes aangedui, sodat daardie werk ook kan voortgaan. Vandag, 2 Augustus, gaan hierdie deurkollekte aan die NGK Vrystaat se “Vennootskap met die Reformed Church in Zambia”. Dankie vir jou bydrae en voorbidding vir al hierdie werk.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

16 Aug	Naas van Wyk, Ben Vermeulen, Chantel Coetzee, Pieter Joubert en JP Jonker.
17 Aug	Abi Barnard, Rhona Lategan en Juno Carstens.
18 Aug	Felicity Borcherds en Greta Maschke.
19 Aug	Rina Claassens.
20 Aug	Christa Rossouw, Andriëtte Lups en Laurika Pansegrouw.
21 Aug	Mandie Cilliers.
22 Aug	Trudi O’Neill.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Oom Hans Koorts (Serenitas 11, wyk 15a); Ockie Fourie (Da Gamaplek 12, wyk 7c); Tannie René v/d Walt (Siësta 39B, wyk 10); Tannie Ina Snyman (Oliewenlaan 10, Noorderbloem, wyk 17); Beatrice Carshagen (wyk 12) en Danie en Kitty Joubert (Paul Rouxstr. 70, wyk 4a).
Ons is dankbaar saam met lidmate wat herstel het ná ‘n siekbed met Covid-19 of van simptome; ons bid vir lidmate wat in die afgelope week positief getoets is en siek geword het van Covid-19; ook vir lidmate wat familielede elders in die stad of land het wat deur hierdie beproewing gaan – ons dra jul aan die nabyheid en sorg van ons Hemelse Vader op. Ons bid in besonder vir al die dokters en verpleegpersoneel in ons gemeente, almal by beskermings- en ander essensiële dienste betrokke. En ons bid ernstig vir ‘n goeie regering en morele leierskap in ons land wat aan almal ‘n lewenskans hier kan bied.

As gemeente en gemeenskap het ons hierdie week gehoor van die baie moeilike en hartseer omstandighede waarin Siësta Tehuis vir Bejaardes hul tans bevind. Sedert die beginjare in die 1950’s was Berg-en-Dal betrokke by Siësta, met ‘n bediening van die Woord daar en met barmhartigheid. Ons bid vir uitkoms en vir die veilige versorging van elke inwoner van Siësta; sover ons kan sal ons as gemeente betrokke bly en help.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep is besig met die **Profeet Miga**: ‘n Werksbladsy en kort inleiding (stemboodskap) word op whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur ‘n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig – ook in hierdie baie beproewende tyd. Indien daar 'n behoefte vir ondersteuning of 'n pastorale gesprek is, kontak ons gerus – moenie alleen in stilte swaarkry nie.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 5 (Westelike laer hang teen Grant's Hill) en **6** (Blok rondom Willem Postma Laerskool) is in Augustus verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Indien u betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – dankie!

Kerkkantoor en personeel: Kantore nog gesluit, maar ons werk almal van die huis af en is vir navrae beskikbaar; kontak ons gerus op die selnommers soos op die Almanak.

Kerkraadsvergadering, 30 Augustus 2020:
'n Erediens en kort vergadering van die Kerkraad sal op Sondag, 30 Augustus gehou word – meer besonderhede word volgende week aan alle kerkraadslede deurgegee.

BEDIENINGE

EREDIENSBEDIENING
Bybelsondag, 30 Augustus 2020: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika herdenk vanjaar hul 200ste bestaansjaar, onder andere met die bekendstelling van die nuwe Direkte Afrikaanse Bybelvertaling. Op Sondag, 30 Augustus, gaan ons gemeente 'n spesiale insameling vir die Bybelgenootskap doen – meer besonderhede daaroor volg.

Hervatting van eredienste in die kerkgebou: 'n Besluit is deur die Bestuursraad geneem om met die aanbreek van die lente en hopelik 'n afname in Covid 19-infeksies in Bloemfontein, vanaf Sondag, 6 September, 'n enkele oggenddiens in die kerkgebou te hou, met alle veiligheidsmaatreëls in plek. Vanweë 'n getalleperk sal wyke per Sondag uitgenooi word sodat almal in die loop van September 'n erediens sou kon kom bywoon. Die reëlings daarvoor sal ons vanaf die 30ste Augustus aan u deurgee.

GEMEENTEBEDIENING
"Wyksbyeenkomste", Sondagaand 23 Augustus: Ds. Johan Marais sal hierdie week 'n tema en inligting vir die tuisbyeenkomste deurgee, sodat ons saam kan groei en bid.

JEUGBEDIENING
Kategese: Ons kategese hervat ook vanaf Sondag, 6 September – besonderhede volg.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).

Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Behoeftes aan klere, kruideniers en huiswerkhulp bestaan by die kinders – indien u kan help, kontak Helene Engelbrecht 082-777-3575.

NG Kerk Berg-en-Dal, ABSA Tjekrek. 470-580-011.